

Skriflesing: Joël 2:1 - 17

Fokusgedeelte: Joël 2:11 – 14

Keer heelhartig terug na die Here wat oordeel en begenadig

Inleiding

Wat is jou grootste probleem as Christen? Die meeste mense sou seker die meeste van ons bestempel as “goeie mense”; mense met wie jy weet waar jy staan; mense op wie jy kan vertrou. Juis dat jy so “goed” is, kan jou grootste probleem wees.

Hierdie verskynsel was selfs in die ou tyd geldig. Verskeie sogenaamde klein profete het opgetree. Hosea het bv die volk se ontrou aan die Here in die kollig geplaas. Amos het sosiale en ekonomiese sondes uitgewys. Haggai het sy vinger gelê op die volk se verkeerde prioriteite: hulle eie huise was belangriker as die huis van die Here. Joël wys geen spesifieke sonde uit nie. Tog het die volk skuldig gestaan voor die Here. Die rede: hulle het Hom nie heelhartig met oorgawe gedien nie.

Die belangrike vraag is nou: Dien jy die Here heelhartig en met oorgawe? Joël spreek elkeen wat hierin tekortsiet aan met die oproep in die woorde van ons: **keer heelhartig terug na die Here wat oordeel en begenadig**. Ten opsigte van hierdie oproep let ons op (1) die adres; (2) die inhoud en grond daarvan

Die adres van die oproep

Ons moet onthou dat die profeet, Joël, nie die boodskap van die Here aan heidennasies aankondig nie. Hy is besig om teen die volk van God te profeteer. Nie die stad, Babilon nie, maar die Godstad, Jerusalem, hoor die aankondiging van die dag van die Here se oordeel wat naby is. Merkwaardig dat in die meeste gevalle waar die Here mense tot bekering roep, dit gerig is aan sy volk, sy volk aan wie Hy Hom in sy genadeverbond verbind het.

Sy volk wou hulself baai in die verbondstrou van die Here. Van hulle kant af wou hulle egter nie erns maak met die eise van dieselfde verbond nie. Hulle was nie bereid tot troue diens en volkome gehoorsaamheid aan die Here nie.

Van hierdie lewenshouding moes hulle hulle bekeer. Daar word aangedui wie almal gehoor moes gee: die leiers, die kinders, die suigeling, selfs die bruidegom en bruid, die priesters; ja, elkeen wat deel uitmaak van die volk van God (Joël 2:16, 17).

Ons moet weet, ook as die volk van God van die tydvak van die Nuwe Testament, is en bly ons soos die volk van God in die Ou Testament steeds sondaars. Ons moet daarom erns maak met die oproep tot bekering in ons fokusvers.

In Joël 1 het ons gehoor: vertrou op die Here wat omstandighede beheer. Die waarskuwing was dat die ekonomiese ramp slegs God se voorlopige straf op die volk se sonde was. Reeds dáár het die Here by monde van sy profeet gewaarsku: *Die vreeslike dag! Die dag van die Here is naby: dit is 'n dag van verwoesting, dit kom van die Almagtige af (Joël 1:15)*. Dit het egter nie die halsstarrige Israëliete tot inkeer gebring nie. Die profeet het dringender gewaarsku: ... *die dag van die Here kom, dit is naby (Joël 2:1)*. Weereens, soos in Joël 1, gebruik die profeet die beeld van 'n leër wat opruk vir die sprinkaanswerm wat die Here gebruik om sy oordeel oor sy ongehoorsame volk te voltrek: *Hulle storm vorentoe soos dapper soldate, hulle klim oor die stadsmure. Elkeen gaan reg vorentoe, hulle verander nie van rigting nie. Die een stamp nie teen die ander nie; elkeen bly op sy pad. Hoe hulle ook sneuwel voor die verdediging, hulle raak nie van koers af nie. Hulle oorval die stad, hulle hardloop oor die mure, hulle storm die huise binne, soos diewe klim hulle deur die vensters (Joël 2:7 – 9)*.

Die dag van hulle inval was 'n dag van verskrikking, 'n dag wat 'n mens met ontsag vervul: *Voor hulle bewe die nasies (Joël 2:6); Die aarde skrik vir hulle, die hemel bewe; die son en die maan word donker, die sterre verloor hulle glans (Joël 2:10)*.

As die lewende God, die Almagtige, begin straf, raak dit die hele skepping; dan bewe elke mens. Dan besef elkeen hoe nietig, hoe skuldig, hoe doemwaardig ons is.

Tog sien 'n mens selfs hierin die Here se genade. Hoor wat staan daar in: *Blaas die ramshoring in Sion, roep hard op my heilige berg (Joël 2:1)*. Die dag van die Here sal inderdaad **onverwags** aanbreek; ons oorval soos 'n dief in die nag. Dit gebeur egter **nie onaangekondig nie**. Intendeel.

Die dag van die Here breek aan met die wederkoms van ons Here, Jesus Christus. Ons bely dan ook dat ons op daardie dag voor sy regterstoel sal staan en geoordeel word. Ook óns is deeglik gewaarsku. Ons het weliswaar nie 'n ramshoring en 'n harde geroep wat ons waarsku van die komende dag van die Here se oordeel nie. Ons het egter die waarskuwing swart op wit in die Woord van die Here. Ons moet net daarop ag slaan.

Die inhoud en grond van die oproep

Die feit dat jy sê: “ek het my nie aan buitengewoon groot sonde skuldig gemaak nie”, vrywaar jou nie van die regte reaksie op hierdie oproep nie. Die Here rig sy oproep aan ons wat aan Hom behoort, maar steeds sondaars is: *Kom met julle hele hart terug na My toe, vas, huil en treur (Joel 2:12)*. En nog 'n keer: *Kom terug na die Here julle God toe (Joël 2:13)*.

Hierdie oproep is nie om ons uiterlik en in blote vorm tot die Here te bekeer nie. Nee, *skeur julle harte, nie julle klere nie*. Heelhartige bekering beteken dat dit my hele lewe in al

sy fasette moet raak. Die hart is immers die uitgange van die lewe. My hart bepaal hoe my sosiale lewe lyk, ook my ekonomiese lewe; my omgang met die reg; met die kunste; met elkeen met wie ek in verhouding staan ...

Elke ding wat ek doen of laat; elke ding wat en dink of sê, ontspring uit my hart. En dit is op my hart wat die Here beslag lê. Daarmee lê Hy beslag op my hele lewe in al sy fasette.

Die Here gee die **grond** aan vir sy oproep: *Kom terug na die Here julle God toe: Hy is genadig en barmhartig; Hy is lankmoedig en vol liefde. Hy is bereid om straf te herroep (Joël 2:13).* Die Here koppel sy oproep tot bekering aan sy *genade, barmhartigheid, lankmoedigheid en liefde*. Die lig val ook elders in God se Woord op hierdie eienskappe van God (kyk na Eks 34:6; Num 14:18; Ps 86:15; 103:8-12; 145:8; Neh 9:17; Jona 4:2).

- As die Here barmhartig, is beteken dit dat Hy maklik tot medelye beweeg word;
- As Hy *genadig* is, beteken dit dat Hy bereid is om sy medelye met daade te toon;
- Sy *lankmoedigheid* beteken dat Hy bereid is om sy volk se sonde te verdra;
- Hy is *vol liefde* – in sy liefde betoon Hy sy guns aan sy volk, ook deur hulle sondeskuld te vergewe.

Die Here God *het berou oor die kwaad / Hy is bereid om straf te herroep* – Hy is geneig om, in geval van bekering, die straf wat aangekondig is of selfs reeds ingetree het, weer terug te trek. Die woord wat vertaal word met berou hê / herroep is dieselfde werkwoord wat vroeër vertaal is met *terugkeer*. Wanneer die volk van die Here met hulle hele hart na Hom toe terugkeer, herroep die Here die straf wat Hy aangekondig het.

Teen hierdie agtergrond moet die volgende vers vertolk word: *Wie weet of Hy nie die straf sal herroep nie; of Hy nie weer voorspoed sal gee nie sodat daar weer graan- en drankoffers sal wees vir die Here julle God (Joël 2:14)!* Die profeet beaam die Here se uitnodiging. Hulle moet na Hom toe terugkeer omdat Hy so 'n wonderlike God is. Die uiteinde sal wees dat daar weer middele sal wees waarmee die volk die Here hulle God kan dien. Uiteindelik gaan God alleen al die eer kry.

Die Here het ook aan ons bekend gemaak as die een wat barmhartig, genadig, lankmoedig en vol liefde is. Hy het dit aan ons betoon deurdat Hy my straf op sy Seun laat neerkom het. Sy Seun het my sondeskuld ten volle betaal.

Daar is geen ander moontlikheid nie as dat ek en jy van harte berou oor ons sondes moet hê en die Here onder leiding van sy Gees van harte en met vreugde dien tot die verheerliking van sy Naam. Sy dag van oordeel is inderdaad vir ons wat glo die dag van volkome verlossing.

Gee ek nie gehoor nie; lewe ek onberoulik en onbekeerlik voort, moet ek ag slaan op ons teks wat die Here God ook teken in sy toorn oor die sonde.

Slot

Wat is jou grootste probleem as Christen? Juis dat jy sogenaamd “goed” is, kan jou grootste probleem wees. Anders as ander onder die klein profete het Joël geen spesifieke sonde uitgewys nie. Tog het die volk skuldig gestaan voor die Here. Die rede: hulle het Hom nie heelhartig met oorgawe gedien nie.

Die belangrike vraag is nou: Dien jy die Here heelhartig en met oorgawe? Joël spreek elkeen wat hierin tekortskiet aan met die oproep in die woorde van ons tema: **keer heelhartig terug na die Here wat oordeel en begenadig.**

AMEN